# Oorwinning Oor Vrees (2)



**2023-12-31 AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## God se wet rondom oorloë

Deu 20:1 As jy na die oorlog uittrek teen jou vyand en perde en strydwaens sien, 'n volk meer in getal as jy, dan moet jy vir hulle nie vrees nie; want die HERE jou God wat jou uit Egipteland laat optrek het, is met jou.
Deu 20:2 En as julle na die geveg kom, moet die priester nader kom en die volk toespreek;
Deu 20:3 en hy moet aan hulle sê: Hoor, Israel, julle trek vandag nader om te veg teen julle vyande; laat julle hart nie week word nie, wees nie bevrees en beangs en word nie verskrik vir hulle nie;
Deu 20:4 want dit is die HERE julle God wat saam met julle trek om vir julle te stry teen julle vyande, om aan julle die oorwinning te gee.

- Die Here lê sekere reëls neer vir die oorlog.
- Die volk het reeds geweet dat daar oorloë sou wees.
- Ons is ook daagliks in 'n worstelstryd gewikkel.

2

## Verskonings vir die wat nie hoef te veg nie

Deut 20:5 Dan moet die opsigters die volk toespreek en sê: Wie is die man wat 'n nuwe huis gebou en dit nie ingewy het nie? Hy kan teruggaan huis toe, dat hy nie in die oorlog sterwe en iemand anders dit inwy nie.
Deut 20:6 En wie is die man wat 'n wingerd geplant en dit nie in gebruik geneem het nie? Hy kan teruggaan huis toe, dat hy nie in die oorlog sterwe en iemand anders dit in gebruik neem nie.
Deut 20:7 En wie is die man wat hom met 'n vrou verloof en haar nie geneem het nie? Hy kan teruggaan huis toe, dat hy nie in die oorlog sterwe en iemand anders haar neem nie.

Deut 20:8 Dan moet die opsigters verder die volk toespreek en sê: Wie is die man wat bevrees en week van hart is? Hy kan teruggaan huis toe, dat die hart van sy broers nie smelt soos sy hart nie.

- Die wat vrees word teruggestuur (Gideon - Rigt 7:3)

3

## Vrees is aansteeklik en kan oordra

- Wees kieskeurig met wie jy jou omring.
- Wees versigtig waarna jy kyk.
- Maak goeie keuses wat jy lees.

- Ons gaan nie altyd situasies wat met vrees te doen het kan vermy nie.

- Deur te vrees maak jy jouself onbruikbaar vir God se weermag.

- Vermy situasies van vrees.



4

# Wees sterk en vol moed

2Ti 1:7 Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

- Waar is die Christene wat nie 'n gees van vrees het nie?

Deut 31:6 Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die HERE jou God wat saam met jou trek; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie.



5

# Oorwinning oor vrees - Antwoord

Ps 56:1 Vir die musiekleier; op die wysie van: "Die Duif van die ver
Terebinte." Van Dawid. 'n Gedig, toe die Filistyne hom gevang het in Gat.
2 Wees my genadig, o God, want mense vertrap my; hy wat my beveg,
verdruk my die hele dag. 3 My vyande vertrap my die hele dag, want
baie veg teen my in hoogmoed. 4 Die dag as ek vrees, **sal ék op U
vertrou**. 5 Deur God sal ek sy woord prys; ek vertrou op God, ek vrees
nie; wat kan vlees my doen? 6 Die hele dag verdraai hulle my woorde; al
hulle gedagtes is teen my, om kwaad te doen. 7 Hulle val aan, lê en
loer—hulle let op my hakskene net soos hulle op my lewe geloer het.
8 Ondanks hul ongeregtigheid—sal hulle ontvlug? Werp volke neer in
toorn, o God! 9 U het my omswerwinge getel; hou my trane in u kruik;
is hulle nie in u boek nie? 10 Dan sal my vyande agteruitwyk op die dag
as ek roep; dit weet ek dat God aan my kant is. 11 Deur God sal ek die
woord prys; deur die HERE sal ek die woord prys. 12 Ek vertrou op God,
ek vrees nie; wat kan 'n mens my doen? 13 Op my, o God, rus geloftes
aan U gedoen; lofoffers sal ek U betaal; 14 want U het my siel gered van
die dood—ja, my voete van struikeling—om te wandel voor die aangesig
van God in die lig van die lewe.

6

# Dawid beleef vrees

1Sa 21:10 En Dawid het hom klaargemaak en dié dag van Saul af weggevlug en by Agis, die koning van Gat, gekom.
1Sa 21:11 Maar die dienaars van Agis het hom gevra: Is dit nie Dawid, die koning van die land nie? Het hulle nie vir hom in die koordanse gesing nie en gesê: Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tien duisende?
1Sa 21:12 En Dawid het hierdie woorde ter harte geneem en baie bevrees geword vir Agis, die koning van Gat.
1Sa 21:13 Daarom het hy hom voor hulle oë kranksinnig aangestel en hom mal gehou onder hulle hand en op die deure van die poort gekrap en sy speeksel in sy baard laat afloop.
1Sa 21:14 Daarop sê Agis aan sy dienaars: Julle sien tog die man is kranksinnig, waarom bring julle hom na my toe?
1Sa 21:15 Het ek gebrek aan kranksinniges, dat julle hierdie een bring om sy kranksinnigheid by my uit te haal? Moet so een in my huis inkom?

7

# Psalm 56:4

Ps 56:4 Die dag as ek vrees, sal ék op U vertrou. Afr53

Ps 56:4 When I am afraid, I will put my trust and faith in You. Amp

Ps 56:4 What time I am afraid, I will have confidence in and put my trust and relance in You. Amp Classic

Ps 56:4 Die dag wanneer ek bang word, sal ek net op U vertrou. NLV

8

## Elkeen moet self

Ps 56:4 Die dag as ek vrees, sal **ék** op U vertrou.

- Verantwoordelik op myself om te vertrou. "Ek"
- Die Here het reeeds oorwinning bewerk.
- Die Satan is reeds oorwin.
- Dit is volbring. ("It is finished")
- Die oorlog is reeds gewen.
- Moet nie sit en wag dat die Here jou vrees wegneem nie.
- Die sleutel is in jou hande.
- Wat bely ons?

- ***Fil 4:13 Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.***

Gaan jy verantwoordelikheid neem in 2024?

9

## Elkeen het 'n keuse

Ps 56:4 Die dag as ek vrees, **sal** ék op U vertrou.

- Vrye wil vir die mens.
- Die mens kan ook sy/haar redding kies deur Jesus se uitnodiging te aanvaar.
- Kies om God lief te hê
- Kies om die Here te dien.

- ***Openb 22:17 En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.***

Wat is jou keuse vir 2024?

10

## Vertrou

Ps 56:4 Die dag as ek vrees, sal ék op U **vertrou**.

- Kom op 'n plek waar ons glo wat God beloof het.
- Ek gaan op die Woord staan.
- Ek gaan nie my vertroue in enige iets anders plaas nie, behalwe die Here.
- Geen mag van die bose is sterker as die Here nie.
- Vertroue is ook "aktief".

***Sommige volke vertrou op strydwaens en perde, maar ons vertrou op die Naam van die Here ons God. Psalm 20:8***

Aktiewe Vertroue in 2024!

11

## Bely op wie jy vertrou

Ps 56:4 Die dag as ek vrees, sal ék op **U** vertrou.

- Begin om die die Naam van Jesus Christus te bely oor jou omstandighede.
- Daar is niks of niemands groter as Hy nie.
- Begin bely dat jy op God vertrou.
- Begin bely dat jy die krag van die Heilige Gees binne jou het.

Fil 2:9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, 10 sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, 11 en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

Na wie gaan jy eerste draai in 2024?

12

## God moet geprys word

Ps 56:5  Deur God sal ek sy woord prys; ek vertrou op God, ek vrees nie; wat kan vlees my doen?  Afr53

Ps 56:5  In God, whose word I praise; In God I have put my trust; I shall not fear.  What can mere man do to me? Amp

- Neem God se beloftes, en begin Hom prys daarvoor.
- Mense (vlees) kan nie jou siel nie doodmaak nie.  (Mat 10:28).
- As kind  van God is jy veilig in Sy hande.
- Loof en prys Hom daarvoor.



13









**Joh 5:13 Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.**

**Mat 26:26-29**
**1 Kor 11:23-26**

**“Doen dit tot my gedagtenis”**

14